# HOOFSTUK 5

# SAMEVATTING, BEVINDINGS EN AANBEVELINGS

## 5.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word 'n samevatting van die studie gegee. Vervolgens word die belangrikste bevindings weergegee wat uit die studie gespruit het, en na aanleiding daarvan bepaalde riglyne neergelê aan die hand waarvan skoolhoofde die amalgamering van skole doeltreffend kan bestuur.

## 5.2 SAMEVATTING

In hoofstuk 1 is die navorsingsprobleem gestel, waarna die doel van die navorsing en navorsingsmetodes uiteengesit is.

In hoofstuk 2 is 'n literatuurstudie onderneem om die wesensaard van verandering te bepaal. Daar is na verskillende definisies van verandering gekyk sowel as na verskeie veranderingsmodelle. Daar is aangetoon dat daar kragte is wat verandering teweegbring, dat daar sekere stappe in die veranderingsproses is, dat verandering 'n proses is wat in fases plaasvind en dat verandering bepaalde eienskappe het.

In hoofstuk 3 is die amalgameringsproses van skole ondersoek en daar is ook na die bestuur van die proses gekyk. Die verskillende bestuurshandelinge, naamlik beplanning, organisering, delegering, koördinering, leidinggewing, motivering, kommunikering, beheeruitoefening en konflikhantering soos wat dit betrekking op amalgamasie het, is bespreek.

In hoofstuk 4 is 'n empiriese navorsingsontwerp uiteengesit. Die vraelys wat in die empiriese ondersoek gebruik is, sowel as die statistiese tegnieke en prosedures wat gevolg is om die resultate van die empiriese ondersoek te interpreteer, is bespreek. Vervolgens is verslag gelewer oor die resultate van die empiriese ondersoek.

Die belangrikste bevindings wat uit die literatuurstudie en die empiriese ondersoek voortspruit, word vervolgens bespreek.

## 5.3 BEVINDINGS

### 5.3.1 Bevindings met betrekking tot die literatuurstudie

Met betrekking tot die doelwit om te bepaal wat die wesensaard van verandering is, is die volgende bevind :

* Verandering is 'n beplande en sistematiese proses. Dit neem baie tyd in beslag en word teweeggebring deur individuele persone en nie instansies nie. Dit het ook geblyk dat verandering gewoonlik verbetering ten doel het (vergelyk 2.2).

* Daar bestaan verskillende modelle vir verandering wat verskillende perspektiewe op die veranderingsproses werp (vergelyk 2.3).

* Verskillende faktore beïnvloed verandering in die onderwys (vergelyk 2.4).

* Daar bestaan verskillende kragte wat verandering veroorsaak. Verandering is 'n dinamiese balans van kragte wat in teenoorgestelde rigtings binne 'n bepaalde organisasie aan die werk is. Daar bestaan gewoonlik dryfkragte wat die huidige omstandighede wil verander sowel as weerstandbiedende kragte wat die verandering wil verhinder (vergelyk 2.5).

* Die veranderingsproses bestaan uit verskillende stappe wat deur skoolhoofde gevolg moet word ten einde verandering suksesvol te implementeer (vergelyk 2.6).

* Daar is bepaalde fases waarvolgens verandering geïmplementeer behoort te word. Binne elkeen van die fases kan bepaalde strategieë en tegnieke gevolg

word, wat die kanse vir die suksesvolle implementering van verskillende soorte verandering verhoog (vergelyk 2.7).

* Verandering het bepaalde eienskappe (vergelyk 2.8).

Met betrekking tot die doelwit om te bepaal wat amalgamering behels en hoe die proses bestuur word, is die volgende bevind :

* Indien skoolhoofde in samewerking met hulle personeel en ander belanghebbende partye korrek beplan, organiseer, beheer toepas en leiding neem, sal amalgamasie, as veranderingsproses, se sukses verhoog word. Amalgamasie geskied gewoonlik ter wille van oorlewing as gevolg van 'n afname van leerlinggetalle (vergelyk 3.1).

* Amalgamering kan omskryf word as die vereniging of samesmelting van twee of meer afsonderlike skole om as een nuwe skool met nuwe karaktertrekke te funksioneer (vergelyk 3.2).

* Daar is sekere voorvereistes wat deur die onderskeie onderwysdepartemente neergelê word ten opsigte van die amalgameringsproses. Amalgamasie hou ook talle voordele sowel as nadele vir die betrokke partye in (vergelyk 3.3).

* Deur amalgamasie doelbewus te bestuur, kan skoolhoofde grootliks bydra tot die sukses van die proses (vergelyk 3.4).

### 5.3.2 Bevindings met betrekking tot die empiriese ondersoek

Met betrekking tot die doelwit om te bepaal op watter wyse amalgamering in skole in die RSA bestuur word en watter probleme in die verband ondervind word, is die volgende bevind :

* Die meeste skoolhoofde beskik nie oor die nodige ervaring en akademiese kwalifikasies om amalgamasie doeltreffend te bestuur nie (vergelyk 4.4.1).

* Skoolhoofde besef die voordele en nadele van amalgamering en toon eenstemmigheid oor die redes vir die besluit om te amalgameer (vergelyk tabel 4.5).

* Skoolhoofde beskik oor die visie ten opsigte van wat verandering wat met amalgamasie gepaard gaan, presies behels (vergelyk 4.4.3.2).

* Skoolhoofde beplan die amalgameringsproses deeglik (vergelyk 4.4.3.3).

* Skoolhoofde is betrokke by bepaalde aspekte rakende die fasilitering van verandering (vergelyk 4.4.3.4).

* Relatief min skoolhoofde ag die weerstand teen verandering en die bestuur daarvan as belangrik (vergelyk 4.4.3.2).

* Skoolhoofde sien nie die amalgameringsproses as 'n proses wat altyd verbetering tot gevolg het nie (vergelyk 4.4.3.2).

## 5.4 RIGLYNE VIR DIE SUKSESVOLLE VERLOOP VAN DIE AMALGAMERINGSPROSES

Die vyfde doelwit van hierdie studie was om riglyne neer te lê aan die hand waarvan die proses van amalgamering in skole doeltreffend bestuur kan word. Die riglyne word aan die hand van die volgende aanbevelings neergelê :

* Skoolhoofde behoort hulself op hoogte te hou van veranderings wat voortdurend in die onderwys plaasvind.

* Skoolhoofde se kommunikasie met hulle personeel en ouergemeenskap kan hulle op hoogte hou van dié se behoeftes en bekommernisse ten opsigte van amalgamering.

* Skoolhoofde moet hulle deeglik vergewis van watter opsies oorweeg kan word om skole met krimpende leerlinggetalle effektief te bestuur.

* Skoolhoofde moet 'n grondige kennis hê van wat verandering presies behels.

* Amalgamasie, as opsie, moet deeglik deur alle belanghebbende partye, met die skoolhoof aan die stuur van sake, ondersoek word.

* Kennis van wat amalgamasie presies behels, is baie belangrik voordat die opsie enigsins oorweeg kan word.

* Die skoolhoof moet 'n goeie kennis van al die bestuursfunksies hê om daartoe by te dra dat die amalgameringsproses suksesvol sal verloop.

* Weerstand teen die verandering wat met amalgamasie gepaard gaan, moet reg bestuur word om dit uit die weg te ruim.

* Konfliksituasies wat tydens amalgamasie tussen die belanghebbende partye mag ontstaan, moet op so 'n wyse hanteer word dat die proses nie skade lei nie.

## 5.5 AANBEVELINGS AAN ONDERWYSOWERHEDE

'n Paar aanbevelings word voorts aan onderwysdepartemente gemaak, naamlik :

* Elke aansoek vir amalgamasie behoort op sy eie meriete oorweeg te word om te bepaal of amalgamasie beter onderwysgeleenthede tot gevolg sal hê.

* Skole wat wil amalgameer behoort sover as moontlik ondersteun te word en die nodige leiding verskaf te word om die proses vlot te laat verloop.

* 'n Dokument wat die voorwaardes vir amalgamasie en die verloop van die hele proses verduidelik, behoort beskikbaar gestel te word.

* Kursusse behoort aangebied te word waar skoolhoofde opleiding in die volgende kan ontvang :

  - Die wesensaard van verandering en die bestuur van weerstand teen verandering.

  - Die amalgameringsproses en hoe daar te werk gegaan kan word om die proses suksesvol te implementeer.

* Skole wat reeds geamalgameer het, behoort 'n opsomming wat onder andere die verloop en beplanning van die proses en slaggate waarin hulle beland het, aan die departement beskikbaar te stel ten einde ander skole wat amalgamasie as oplossing vir hulle krimpende leerlinggetalle oorweeg, behulpsaam te wees.

## 5.6 SLOTOPMERKING

Amalgamasie as veranderingsproses kan 'n baie positiewe oplossing wees vir die probleem waarmee so baie skole binne die Republiek van Suid-Afrika worstel, naamlik te veel leerlinge vir te min onderwysers en onvoldoende fasiliteite. As skole hulle kragte saamspan, kan beter onderwys aan leerlinge verskaf word deurdat personeel en beskikbare fasiliteite optimaal benut kan word. Veral op die platteland kan amalgamasie skole help om hulle deure oop te hou en effektiewe onderwys aan hulle leerlinge te verskaf.

Die belangrikste is egter om te onthou dat amalgamasie opofferings van al die betrokke partye vra en as van die standpunt af uitgegaan word dat verandering verbetering ten doel het, kan die proses vir almal soveel makliker wees. Onderwys is ter wille van ons kinders en nie ter wille van onsself nie.